

Saterdag 22 April

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 14:20-25

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 14:20-25

Ons Christelike geloof maak 'n appèl op ons denke en verstand

In hoofstuk 14 is Paulus, terwyl hy skryf oor die verskillende genadegawes van die Gees, veral besig om die sogenaamde glossolalia (spreek in tale) te vergelyk met die gawe van profesie.

Die vraag wat hieroor gevra moet word, is: Wat dien tot opbou van die kerk? Die antwoord is duidelik: die beoefening van die gawe van profesie. Om in duidelike taal uiteen te sit en te verklaar wat God se Woord aan ons geopenbaar het, is onontbeerlik en noodsaaklik. Hoe anders sal ons tot geloof in ons Here Jesus Christus kan kom as ons nie die evangelieboodskap van die koninkryk van God gehoor het nie (vgl. ook Rom. 10)?

Daarteenoor was die verskynsel van in tale spreek 'n onverstaanbare gebrabbel van sekere mense van geen waarde vir die opbou van die kerk en die toerusting van gelowiges nie. Paulus vergelyk dit met klein kindertjies wat nog nie kan praat nie, maar wel geluide maak. Hulle taal het nog nie so ontwikkel dat dit verstaan kan word nie. En, sê Paulus verder, as buitestaanders in die kerklike samekoms sou inkom waar hulle slegs geluide hoor en niks verstaan nie, sou hulle dalk kon dink dat hierdie mense van hulle sinne beroof is. (Die Griekse woord wat hier gebruik word, beteken letterlik “manies”.)

Daarom beklemtoon Paulus die belangrikheid van die verstand en die denke: die prediker moet die Woord van God so uitlê en verkondig dat dit verstaan kan word. Ons moet weet wat God aan ons openbaar en leer. Ons moet groei en volwasse word in ons denke. Geloof as sodanig en kennis staan nie teenoor mekaar nie, want 'n ware geloof is sowel 'n sekere kennis (in ons verstand) van die Godsopenbaring as 'n vaste vertrouwe vanuit ons hart dat die Woord van God waar is en dat ons in Jesus Christus alleen die saligheid het.

Sing: Psalm 19-1:4

Prof. A le R du Plooy (Dries) (emeritus)